
# SAWA Albatros Nuusblad Mei 2018



# Uit die voositter se stoel



Groete aan alle Albatrossers,

Dit voel amper of die winter uiteindelik aangebreek het.  Wat is nou lekkerder as ‘n warm kampvuur met ‘n koppie stomende koffie in die hand en hartsvriende wat saam kuier?  Ons sien uit na die laaste drie kampe voor ons AJV.  SAWA se amptelike jaar einde is 30 Junie en ek wil baie dankie sê aan elke Albatros lid vir julle bydrae die afgelope boekjaar.  Streek Albatros se finansies is standvastig en ons lede getalle het weereens gesond gegroei.  Trots Albatros!

Onthou ons dans die 4de Augustus.  Beverley Kotze het vir ons Westcliff skool se saal gereel.  Bespreek jul tafels vroegtydig by Benita Stramrood, bring jul eie eet en drinkgoed en kom geniet die aand saam met Alice in Wonderland by Mad Hatters se party met baie sprokies karakters.  Miskien sien ons vir Batman, Superman of dalk Jack Sparow!  Kaartjies teen R150 per paar is beskikbaar by enige bestuurslid.  Groot pryse te wen vir die bes geklede paartjie asook ‘n veiling sal op die aand gehou word.

Wees veilig, bly warm en juig van vreugde.

Albatros Groete,

Esme Coetzee

# Gedagte vir die dag

**HOEKOM GLO EK IN GOD?**

Ek het Hom nodig.
So hier is my antwoord.

Ek glo in God, want partykeer is die wêreld so "awesome" en dinge werk so goed uit dat my siel uitroep vir iemand om voor dankie te sê.
Dan is dit Hy!

Ek glo in God, want soms is die berge en die sonsondergang en die wolke en die maan so mooi dat ek iemand nodig het om te prys.
Iemand moes dit gemaak het.
Dis Hy!

Ek glo in God, want partykeer gebeur goed wat so onbeplan is en so seer maak
En Dan voel dit of niemand verstaan nie, maar Dan onthou ek die spykers in Sy hande en die Man aan die kruis.
Dan weet ek Iemand huil saam met my.
Dis Hy!

Ek glo in God, want partykeer is ek so deurmekaar en die lewe so sinneloos en my drome lyk onbereikbaar en Dan het ek iemand nodig om saam met my die pad te stap en rigting te wys.
Dan is Hy daar!

Ek glo in God, want partykeer is ek so dom en ek doen sulke "stupid" goed en Sonde mors my hart en my lewe so op en maak ander so seer
En Dan het ek nodig dat Iemand vrede en wysheid bring
Dan is Hy daar!

Hy maak heel wat ek self verbrou het!
Hy bring genade selfs in seer wat ekself veroorsaak het!

Ek glo in God, want partykeer weet ek niks. Ek het leiding en wysheid nodig in 'n deurmekaar wêreld wat ek nie verstaan nie.
En Dan skryf Hy vir my in die Bybel en ek lees Sy Woord en hoor Sy stem en dinge maak weer sin!
Ek glo in God, in Jesus, in sy Gees, want Hy's daar!
Heeltyd! Altyd!

In alles waardeur ek gaan en maak nie saak hoeveel keer ek dieselfde fout maak nie. Hy is daar!
Ek glo in God, want ek sien nie kans om ooit alleen te wees of enigiets alleen te doen. As jy kos in die yskas het, klere aan jou lyf, 'n dak oor jou kop-is jy ryker as 75% van alle mense op aarde.

As jy geld in die bank het, in jou beursie en nog kleingeld in 'n bottel-is jy onder die 8% rykste mense op aarde.

As jy vanoggend wakker geword het met meer gesondheid as siekte-is jy meer geseënd as die miljoene mense wat nie hierdie week sal oorleef nie.

As jy nog nooit in 'n oorlog was nie, nog nooit in die tronk nie, nog nooit gemartel is nie en nog nooit honger gely het nie, is daar 500 miljard mense wat slegter af is as jy.

As jy kerkdiens kan bywoon sonder enige vrees van aanvalle, arrestasie, marteling of dood, is jy meer geseënd as 3 miljard mense in wêreld!

As albei jou ouers nog lewe en boonop getroud is, is jy 'n uitsondering.

As jy jou kop kan optel met 'n glimlag op jou mond en regtig dankbaar is vir jou seëninge, is jy gelukkig, want meeste mense kan, maar doen dit nie...

As jy hierdie boodskap kan lees, het jy dubbele seën ontvang, iemand het aan jou gedink en jy is voorgetrek bo miljarde mense wat glad nie kan lees nie.

Geniet jou dag, tel jou seëninge, en deel hierdie gedagte met iemand anders, sodat ons almal kan onthou hoe gelukkig ons werklik is!!

Mattheus 6:22-23

Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê. Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie?

Gebed: Ons Hemelse Vader, help my asseblief om my lewensperspektief te verander. Ek wil graag U lig vir die wêreld wys.
Dankie Here
Amen



# Ons Plaas



Die naweek van die 26ste April tot 2 Mei het ons gekamp op “Ons Plaas”. Dit was ‘n wonderlike uit rus kamp.

Meeste van die lede het die Donderdagaand gearriveer en die res eers die Vrydag.

Ons was altesaam 15 Albatros Lede, 2 ander lede en 3 gaste. Ons was ‘n total van 20 lede wat gekamp het.



Ons het die Vrydag lekker uitgerus. Ons het Vrydagmiddag boekevat gedoen wat deur Theo Roux waargeneem was en ingeteken. Die aand het almal lekker om die vuur gesit en geselig gewees.



Saterdag het van die manne en vrouens gaan 4X4 en daar was ook ’n sop en bak kompetisie gehou.

Theo Roux was kampleier en hy het behoorlik seker gemaak dat almal lekker saam kuier en net hulself geniet het.

Die kinders het hulself geniet met die kettie en albasters.

Sondagoggend se kerk was waargeneem deur Theo Roux en Johan Jacobs. Hulle het vir ons die mooiste diens gegee en elke gesin het saam nagmaal gehou.

Meeste gesinne is Sondag huis toe. Die res van die lede het Maandag vir ‘n lekker wynproe gegaan.

Dit was ‘n baie lekker kamp.

As jy ‘n naweek nodig het net om te ontspan is die plaas net die plek vir jou.





# Lief en Leed

**Lief**

- Andre van der Westhuizen – Dit gaan baie beter met hom
- André Kotze en Erna Venter het verloof geraak
- Erna Venter het ouma geword
- Joos Knipe het 'n nuwe karavaan
- Johannes en Esme Knipe het 'n nuwe karavaan
- Joos Knipe se dogter het getrou - 12 Mei 2018
- Chané Smit het 18 geword
- Adriaan Larcher het 18 geword

**Leed**

- Leani Coetzee was in die hospitaal vir 'n operasie
- Christel Sadler was in die hospitaal 18 Mei vir toetse
- Florence Snyman is tans in die hospitaal, sy het 'n operasie ondergaan



# Toekennings



Kampleier – Theo Roux



30 Streek saamtrekke – Martin Coetzee en Jean-Marie Kotze



Sop en bak kompetisie 1ste prys – Johan Jacobs en Hendri Frick



Nuwe lede – Dewald en Lindi Theron, Elna en Gerhard Jordaan



Gatplaatjies – Johan Kotze – Bakkie op sy, Joos Knipe – Amper in vuur, Joleen van Aarde – Engels "epic Fail" en Chane Smit – "George"



Sop en bak wenners – Linda Potgieter, Lerouxna Beukes, Zelda en Jean Jansen van Rensburg, Debbie en Lo-aan Basson, Francois en Wilna Vivier, Erna en Andre Kotze, Johan Jacobs en Johan en Beverley Kotze

# Francois Vivier se Botterskorsiesop “Butternut” resep

**Bestanddele:**

- 3 Botterskorsies, geskil en in blokkies gesny.
- 750ml hoenderaftreksel
- 500ml melk
- 1ml neutmuskaat
- 2ml fyn gemmer
- 1ml fyn kaneel
- Sout
- Peper
- 125ml room



- Kook die botterskorsies in hoenderaftreksel tot sag.
- Skep 300ml van die vloeistof uit en hou eenkant.
- Gebruik ‘n “stick blender” en verpulp tot glad.
- Voeg die melk, neutmuskaat, gemmer, kaneel by en roer deur.
- As die sop te dik is na jou smaak voeg van die vloeistof by wat jy vroeër afgeskep het.
- Voeg sout en peper by na smaak (proe eers voor jy sout bygooi – die hoenderaftreksel het reeds baie sout in).
- Meng room deur en skep op.

## Hoop julle geniet die resep

# Verjaarsdae



| Junie | |
|---|---|
| Stramrood - Alexander | 2 |
| Kuhn - Martha | 2 |
| Coetzee - Martin | 3 |
| Smit - Debbie | 4 |
| Smit - Reinhardt | 4 |
| Kok - Rene | 5 |
| Larcher - Francois | 6 |
| Bothma Tian | 6 |
| Potgieter - Andre | 7 |
| Prinsloo - Milan | 7 |
| Jordaan - Luhann | 9 |
| Lukas Kok | 12 |
| Van Greunen - Roline | 14 |
| Van Niekerk - Ava | 14 |
| De Koker - Jeanne | 16 |
| Schauteet - Luana | 16 |
| Van Niekerk - Luan | 20 |
| Jordaan - Werner | 20 |
| Potgieter - Riana | 22 |
| Potgieter - Alta | 22 |
| Basson - Wilma | 23 |
| Jansen van Rensburg - Zelda | 27 |
| Kuhn - JM | 28 |
| Jacobs Luan | 29 |

| Julie | |
|---|---|
| Viljoen - Corlea | 1 |
| Tattersall - Natasha | 2 |
| Kotze - André | 11 |
| Laubscher - Lienka | 11 |
| Roux - Tossie | 12 |
| Staples - Warnerr | 12 |
| Frick - Margeaux | 16 |
| Viljoen - Rossouw | 16 |
| Stander - Sarie | 18 |
| Van Niekerk - Annerie | 21 |
| Van Eeden - Alida | 24 |
| Jenkins - James | 27 |
| Erasmus - Mia | 27 |
| Van Niekerk - Luwan | 30 |

# Volgende Kamp




**POTJIEKOS KOMPETISIE: ALTYDWATER SATERDAG 26 MEI 2018**

**NAAM EN INSKRYWINGS NOMMER VAN DEELNEMER:**

**SMAAK 15 PUNTE**

1. Gehalte
2. Bestandele van potjie moenie mekaar oorheers.
3. Komplimenteer die geure mekaar?
4. Algehele geur en smaak.

**VOORKOMS EN TEKSTUUR - 15 PUNTE**

1. Is die kos gaar / oorkook?
2. Is die vleis taai / sag?
3. Hoe lyk die potjie as dit voorgesit word?

**KREATIWITEIT - 10 PUNTE**

1. Is dit interessant?
2. Is dit uniek?
3. Is interessante kombinasies gebruik?

**SPANGEES EN VOORKOMS - 10 PUNTE**

1. Is moeite gedoen met dek van tafel?
2. Wat het julle gedoen vir gees?

**TOTAAL 50**

**Reëls**

1. Die potjiekos kompetisie begin om 13H00.
2. Die beoordeling sal tussen 17h00-18h00 plaasvind
3. Geen voorafbereide disse mag in die pot gebruik word nie.
4. Julle is welkom om jul potjies by jou tent/karavaan te doen en die beoordeelaars sal van punt na punt beweeg vir beoordeling.

# Kommentaar

Wat 'n wonderlike kamp ervaring. Dit is waaroor kamp gaan. Vuur maak heeldag, kamp stories – lekker eet en lekker aktiwiteite. Die geriewe is van die bestes waar ons al gekamp het. Dankie Duane en Esme vir al julle harde werk om dit vir ons moontlik te maak om hierdie kamp as een van die bestes te maak. Ons gaan beslis weer hier kom kamp. Mense wat hou van kamp doen julle self 'n guns en kom kamp hier. Jy het die natuur en alle geriewe om jou. Dankie julle. – Andre Kotze

Weereens een vir die boeke. Seker Chane sal nie die naweek vergeet nie. Heerlik, heerlik – Theo, Corne en Chane Roux

Kamp met Albatros. Lank laas so lekker kamp bygewoon, rustig. Dit sal altyd in gedagte wees – Ouma Jackie

Baie, baie geluk, julle het wondere verrig! Ons het heerlik gekamp en gekuier en sal verseker weer so maak – Linda Potgieter

Groot verandering, wonderlike omgewing, hartsmense, sal weer en weer hier kom kamp. Doen so voort – Erna Venter

Baie dankie! Het heerlik gekamp. JM en Hendrik het die plaas verskriklik geniet – Stefan en Martha Kuhn

Die lekkerste kamp ooit is op hierdie plaas. Dankie vir jul gasvryheid, al die moeite en harde werk om dit lekker vir almal te maak – Christel Sadler

Ongelooflike fasiliteite – Die badkamers is skoon en die water is heerlik warm. Van die gekookte ketel, toiletpapier, hout ens. Was alles altyd beskikbaar. Lekker kamp terrain en heerlike kamp. Baie dankie – Helouise Jacobs

Lekker, lekker gewees. Geluk met alles wat julle hier al bereik het en ook alles wat julle nou wil doen hier – Zelda en Jean Jansen van Rensburg

# Kiekies
























lifestyle












Sedgwick's
Old Brown




633 104
42G1











Jeep


SAFARI
















CAMP











VINTAGE
1968
A GREAT YEAR






OLD KHAKI

